21 Junie 2020

FAMILIE TUISBLAD

1 Tess 1:1-10

ons storie

Wie is julle as gesin? Dis nogal 'n interessante vraag om te probeer antwoord. Die maklikste is om by julle van te begin. Wat is die nalatenskap van julle van? Watter storie vertel dit? Maar dink ook aan julle gebruike? Wat is tipies van julle en watter storie vertel dit? Dink ook aan iets wat vir julle almal lekker is, dalk 'n plek van vakansie of iets wat julle hou van om te doen. Watter storie vertel dit?

GOD se storie

Paulus gebruik in vers 7 die term om 'n voorbeeld te wees vir ander gelowiges. Van die begin af is die beste manier om die geloof oor te dra die oordrag wat ouers na kinders maak. Die tweede beste manier is die voorbeeld wat gelowiges stel en so met hulle voorbeeld ander motiveer om ook die weg te probeer. Dis daarom so belangrik om te let op die voorbeeld wat ons stel!

ons nuwe storie

Besluit saam oor watter voorbeeld julle wil stel. Kry vir julle twee waardes wat julle as gesin op gaan konsentreer om 'n voorbeeld van te wees. Bv geduld of "kindness".
Maak dit nou prakties deur aan elke waarde twee gewoontes te koppel. Jy kan bv sê dat ons die gewoonte het om geduld by mekaar te versoek deur elke keer as jy agterkom 'n gesinslid ongeduldig is te sê – ek verstaan dat geduld nou vir jou moeilik is...
Los dit dan daar en gee die ander een kans om weer geduldig te raak.

Rituele en gewoontes

Om 'n voorbeeld te wees moet jy iets doen en wees in die openbaar, daar waar almal kan sien.
Besluit saam op iets wat julle in die openbaar gaan doen om 'n voorbeeld van iets te wees wat ander kan inspireer om dit ook te doen bv. om as gesin saam kerk toe te gaan of om die plastiek by die robot se hoek te gaan optel.